***Die voorwaardes wat JaHshua aan die leerlinge stel***

**8** Na hierdie woorde staan **die jong fariseër** op, kom na My toe en sê: "JaHshua, Meester en weergalose Verlosser! Wie ek en my nege-en-twintig broers is, weet U verseker, en wie U is, het ons ook van die groot maghebber Julius gehoor. Baie hoef daar oor en weer dus nie gevra te word nie. Maar omdat ons gehoor het dat U af en toe ook leerlinge aanneem, sou ons ook - slegs vir `n kort tydjie, tensy dit ook langer mag duur - U leerlinge wou wees!"

[2] **Ek** sê: "Alles goed en wel, maar besef wel: Die voëls het hul neste en die jakkalse hul gate, maar Ek het geen rusplek vir My hoof nie!

[3] Wie My leerling wil wees of word, moet `n sware las op sy skouers neem en My so navolg! My leerlinge geniet geen aardse voordele nie, hulle moet daarenteen ter wille van My Naam en My liefde die reeds verkreë aardse voordele en besittings nie net gedurende enige tyd nie, maar vir altyd ontbeer. Selfs vroue en kinders mag hulle nie teëhou as hulle geheel en al ware leerlinge van Elohim se ryk wil word nie.

[4] Geld of ander wêreldse skatte mag hulle nie hê nie, net so min as twee bo-klede of ekstra skoene en voorraadsakke, of `n stok of wandelstaf om hulle te verdedig teen `n moontlike vyand nie.

[5] Hulle mag op aarde slegs die verborge geheim van Elohim se ryk hê. As julle julleself daarvolgens kan skik, mag julle My leerlinge wees!

[6] Ook moet elkeen van My leerlinge, net soos Ek, teenoor elkeen vol liefde, sagmoedigheid en geduld wees. Hy moet sy ergste vyand net so seën asof dit sy beste vriend is en moet, as die geleentheid hom voordoen, aan diegene wat hom benadeel het, goed doen en bid vir diegene wat hom vervolg.

[7] Toorn en wraak moet ver wees van die hart van elkeen wat My leerling wil wees; oor die bittere gebeurtenisse op hierdie aarde mag hy nie kla of daaroor selfs vererg begin te mor nie.

[8] Hy moet alle vermaaklikhede soos die pes vermy, maar daarenteen alles insit om deur My lewende woord in sy eie hart letterlik `n nuwe gees te vorm en om vervolgens ewiglik algeheel in hierdie gees verder te lewe in die oorvloed van alle geestelike krag.

[9] Dink daarom oor hierdie voorwaardes na, en sê vir My of julle daartoe instem en of julle julleself volkome daaraan sal kan onderwerp!"

[10] Die jong fariseërs begin hulle na aanleiding van hierdie bekendstelling van My behoorlik agter die ore te krap en geeneen van hulle het `n gepaste antwoord daarop nie. **Die jong fariseër**, wat voorheen altyd met Julius gepraat het, maar nou nog by My staan, sê tog egter na `n rukkie so half-en-half skertsend: "Beste, goeie en onoortreflike Meester! Die voorwaardes wat aan ons gestel is, kan op sigself baie goed wees om moontlik sommige van u buitengewone, goddelik-lykende eienskappe te verkry. Maar, baie min mense sal hulle daarvoor uitspreek en daartoe oorgaan! En in algemene belang kan die wens ook nie wees nie, want gestel dat alle mense U voorwaardes om U te volg sou aanvaar, dan sou die aarde weldra so daar uitsien soos wat sy volgens Moses op die tweede of derde skeppingsdag daar uitgesien het, naamlik verlate, woes en leeg! Weet U, U sal maar min bekeerlinge op hierdie manier kry! Klein getalle, wat hulleself wil onderwerp aan die sogenaamde bespiegelende lewe en in `n sekere sin op aarde reeds wil bereik wat hulle in die hiernamaals te wagte staan, sal wel daartoe oorgaan; maar alle mense!? O Elohim, wat sou dan van die wêreld word?

[11] Dan is en bly die ou leer van Moses vir die fisiese en sedelike lewe van die mens tog wel vir alle skepsels altyd die mees uitgebreide en in elke opsig die mees nuttige! Met dié leer kan `n mens vir Elohim en die wêreld, net soos Dawid, `n geagte mens wees, iets wat baie nodig is vir die handhawing van die orde op aarde. Maak alle mense maar net gelyk, dan sal U gou sien waarheen die mensdom binne `n kort tyd na toe sal neig! `n Geringe aantal moet wel in besit wees van die geheime van die Ryk van Elohim op aarde; maar vir alle mense sou dit net soveel nut hê as wanneer daar by `n leër maar net veldhere van gelyke rang sou gewees het of maar net gewone, ruwe soldate sonder enige kennis van die lei van `n oorlog, dus sonder `n veldheer. Helaas, teen so `n leër sou `n redelik goed aangevoerde groep ou vroue dit kan opneem!

[12] Ek wil ongetwyfeld self graag U leerling word, al sou U my nog swaarder voorwaardes gestel het; maar of al my metgeselle daartoe sal oorgaan, is `n heel ander vraag! Want kyk, die tempel vereis werklik baie, maar U wil dadelik álles hê - en daarvoor, vriend, sal baie min bereidwillig voor wees!"

***Die voordele van selfverloëning***

**9** **Ek** sê: "Dit is niks nie; Ek dwing niemand nie! Wie My wil volg, hy volg; wie egter nie wil en nie kan nie, hy bly tuis!

[2] Maar in hierdie dae word die ryk van Elohim geweld aangedoen; en diegene wat dit nie met geweld na hulle toe aantrek nie, sal dit nie in besit neem nie.

[3] Ek sê egter na aanleiding van My voorwaardes wat aan julle gestel is, wat werklik nie so maklik is nie: As jy `n ou en reeds baie verslete oorkleed aanhet, waarmee dit `n skande sou wees om nog voor die mense te verskyn, en daar kom `n mens by jou aan met `n nuwe, goeie oorkleed, wat vir jou sê: 'Vriend, trek jou ou kleed uit en vernietig dit omdat dit nie langer meer te gebruik is nie en ek gee jou daarvoor `n nuwe, wat nooit sal slyt nie omdat dit uit `n stof geweef is wat die storms van die tye sal kan deurstaan!' - sal jy jou dan deur so `n aanbod ook nog soos `n dwaas gedra en die ou, verweerde, tot stukke vergane kleed behou?

[4] Verder weet jy, net soos jou metgeselle, dat hierdie aardse skolings-en proeflewe slegs `n baie kort tydjie duur en dat die eindelose ewigheid dadelik daarna begin. Weet jy egter hóé en óf jy na die liggaamlike dood nog `n verdere lewe sal hê? - Net Ek is in staat om jou, net soos vir almal, in ruil vir hierdie kort en armsalige lewe met volkome sekerheid die ewige, volmaakte lewe van `n engel te gee.

[5] Sal jy dan nog enigsins aarsel om My aanbod aan te neem terwyl Ek die Enigste is wat jou die ewige lewe kan besorg en heeltemal kan skenk? Helaas, Ek vra maar baie min - en gee daarvoor buitengewoon baie!

[6] Dink jy dat die aarde woes en leeg sou word as alle mense, wat eendag ook sal gebeur, sou voldoen aan die eise van My leer? O, kortsigtige fariseër!

[7] Kyk na hierdie engel van My! Hy alleen het al soveel mag en krag uit My, dat hy, as Ek dit sou wou, hierdie hele aarde, die groot son, die maan en al die ander sterre wat vir jou sigbaar is, net so vinnig in `n oogwink sou kon vernietig as die klip wat hy so ewe vernietig het. En dink daarby dat, as jy hierdie groot aarde vergelyk met die grootte van die wêrelde, die aarde nouliks die grootte sou wees van die kleinste sandkorreltjie. As jy egter glo dat die bewerking van die aardbodem maar net van die mense afhang, dan vergis jy jou deeglik!

[8] Ek sal vir jou `n stuk grond gee, maar dit eers vervloek, en dan kan jy daarop werk soveel as wat jy wil en dit sal jou nie eers dorings en distels as voedsel vir die wurms oplewer nie! Die saaier saai wel die koring in die vore van die aarde, maar ook My engele moet by die saai saamwerk en sodoende die landerye seën, anders sal sy in ewigheid geen vrugte vir jou dra nie! - Verstaan jy dit?

[9] As die vernaamste bewerkers van die aardbodem vir die dra van eetbare vrugte dan nou altyd My engele is, kan hulle as gunstige uitsondering ook wel die saaiwerk op hulle neem, soos wat hulle dit ook op plekke van hierdie aarde doen wat nog deur geen mensevoet betree is nie.

[10] Maar omdat die mense onder die ou vloek ly en met alle geweld self wil werk vir hul liggaam - wel, daarom kan My engele ook nog altyd dieselfde ou rus in ag neem!"